Kuns

"Kuns verteenwoordig nie die uiterlike voorkoms van dinge nie, maar die innerlike betekenis daarvan."
- Pablo Picasso

Doelwit: *Om die Verkenner se kunsvaardigheid te ontwikkel en sin en waardering vir die kunste te bevorder.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.

ABC: Deur hierdie spesialisasie kan die Verkenner sy Christenskap en Afrikanerskap uitleef deur dit in die kunste uit te beeld. Verskillende kunsvorms is deel van die Afrikanerkultuur en kan so waardeer word.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Individueel, inspan-, kommando of gebiedskampverband of op GGA-dae		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Kunsgalery, kunsuitstalling of ateljee van 'n kunstenaar besoek en kortliks aan die toetsoffisier en sy span oor sy besoek verslag lewer.*
2. *Kortliks aan die toetsoffisier en sy span verslag lewer oor die werke en lewensgeskiedenis van 'n bekende of plaaslike kunstenaar en die stylrigting waardeur sy werk gekenmerk word.*
3. *Een sierplakkaat vir 'n Voortrekker- of ander geleentheid maak (kan op rekenaar of met die hand gedoen word).*
4. *Die buiteblad vir 'n program van 'n kommandofunksie ontwerp.*
5. *Twee van sy eie voltooide werke inlewer (mag enige vorm van kuns wees).*
6. *'n Driedimensionele werk inlewer (beeldhou, pottebakkerswerk, sweisswerk, ens).*